



Rubber Duc het beslis nie gerus gedurende grendeltyd nie! Skaars 'n paar maande na die vrystelling van *Talk About It*, wat tydens inperking vervaardig en baie goed ontvang is, is die groep terug met 'n splinternuwe enkelsnit wat luisteraars se harte warm sal laat klop.

THE FALL gaan, volgens hoofsanger Nick Jordaan, oor verlief raak en die opofferinge wat jy bereid is om vir die liefde te maak. *“Dit gaan oor die eerste keer wat iemand regtig verlief raak en diep gevoelens vir iemand anders ontwikkel. Oor die opofferinge wat jy bereid is om vir die ander persoon te maak om daardie liefde te laat groei. Dis basies die tipe liefdesverhaal wat almal wens waar sal word.”*

Die enkelsnit, wat deur Nick geskryf en deur Brendan Campbell by Muse Studios vervaardig is, is geïnspireer deur 'n vorige liefde en die gedagte aan dit wat kon gewees het. *“Ek dink 'n mens het altyd iemand in gedagte wanneer jy 'n liedjie skryf,”* erken Nick. *“Die liedjie het 'n spesiale plek in my hart, omdat dit gaan oor iets wat ek eerstehands ervaar het. Dis iets wat ek hoop ander mense ook kan voel en ondersoek.”*

Die groep glo dat luisteraars op twee vlakke sal aanklank vind by die tema van die snit, wat Nick se sielvolle stem en **Rubber Duc** se kenmerkende klank perfek kombineer; dit sal hulle óf nostalgies laat terugverlang óf laat uitsien na so 'n tipe liefde.

“As die liedjie iets spesiaal kan beteken vir iemand, al is dit net een persoon, is ons werk gedoen,” sê die hoofsanger. *“Ons het in die verlede al so baie terugvoer gehad van mense wat meen dat ons musiek hulle deur moeilike tye gehelp het. Dit is hoekom ons doen wat ons doen.”*

Alhoewel byna alles op ys geplaas is vir die res van die jaar – insluitend **Rubber Duc** se oorspronklike planne – het die groep aanhou werk; al was dit aan die begin in afsondering. *“Ons is bly om uiteindelik terug te wees in die ateljee om musiek op te neem waaroor ons mal is en wat aanhangers hopelik sal geniet. Ons het nog baie planne vir die res van die jaar en sien uit na 2021!”*

Rubber Duc, wat in Maart 2014 hulle debuut in die plaaslike mark gemaak het, bestaan uit Nick Jordaan (hoofsanger), Brendan Campbell (hoofkitaarspeler), Amiel Gopal (baskitaarspeler), Kabelo Morake (saksofoon) en Nicholas McCreadie (dromspeler). Sedertdien het hierdie multi-kulturele groep, met hulle unieke musiek, diep in Suid-Afrikaanse harte kom kruip. Hulle debuut-album, *The Secret Sunrise*, is in September 2016 vrygestel.

So, wat wil **Rubber Duc** in die volgende jaar of wat bereik? Amiel Gopal sluit af: *“Ons doelwit vir 2020 is dat dit die jaar moet wees waaraan ons harder werk aan ons internasionale agenda. Dit sal lekker wees om nog ’n paar nommer-een-treffers uit te reik en om ons musiek na internasionale radiostasies te versprei. Ons het nog so baie planne en sien uit na wat volgende voorlê. Die plan is om so gou as moontlik weer te begin toer, ons vlerke te spreid en nuwe geleenthede te ondersoek... en natuurlik om elke oomblik daarvan te geniet!”*

THE FALL kan hier afgelaai word:

Itunes : <http://itunes.apple.com/album/id1472980596?ls=1&app=itunes>

Apple music : <http://itunes.apple.com/album/id/1472980596>

Spotify link : <https://open.spotify.com/album/2b99hU6M74WPpe5ZZWANHt>

Webblad: www.rubberduc.co.za